

6. Elia en Agab

1 Konings 17 tot 2 Konings 2 en 2 Kronieke 18

God straf ongehoorsaamheid

Die goddelose koning Agab verlei die volk tot sonde, maar God bewaar steeds sy gelowige kinders. Daarom beloof God aan Elia dat daar wel nog gelowiges in die land is wat Hom dien. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Satan probeer om God se volk te vernietig.
- Gelowiges word dikwels ter wille van hulle geloof vervolg.
- God hou self sy kerk in stand.

Die goddeloosheid van Agab

Agab was die seun van Omri. Onder sy regering het Israel tot die diepste geestelike verval gekom. Agab is as koning bekend weens sy goddeloosheid. Hy het 22 jaar oor Israel regeer en gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Hy het selfs sy vader Omri in goddeloosheid oortref. Hy het die kalwerdiens van Jerobeam net so laat voortgaan. Hy is getroud met die goddelose Isebel, die dogter van Et-Baäl, koning van die Sidoniërs.

Isebel het openlik haar haat teen die God van Israel getoon deur die profete van die Here te vervolg. Verder het sy die Baäldiens en die onsedelike diens van Astarte in Israel ingevoer. Dit het die godsdiens van die staat geword. Die profete mag profeteer, maar hulle mag net sê waarvan Agab hou. Agab het ook 'n tempel vir Baäl in Samaria laat oprig, en in die tempel het hy vir die afgod 'n altaar gebou. Hy het ook 'n heilige boomstam opgerig wat die volk kon aanbid.

Agab onderneem om Jérigo weer op te bou. Josua het uitdruklik elkeen vervloek wat dit sou waag.²⁵ Maar Agab wou nie luister nie. Hy het die stad laat herbou deur Hiël van Bet-el. Toe die fundamente van Jerigo gelê

²⁵ Jos. 6: 26 In dié tyd het Josua hulle laat sweer met die woorde: Vervloek is die man voor die aangesig van die HERE wat sal opstaan om hierdie stad Jérigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fundamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit.

is, het Hiël se oudste seun Abiram gesterf, en toe hy aan die poorte van die mure besig was, het sy jongste seun gesterf. So word Josua se vloek bewaarheid.

Straf van die Here

God straf die goddeloosheid van Agab swaar. Op die gebed van die profeet Elia het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.²⁶ Elia sê aan Agab dat hierdie droogte 'n straf van die Here is oor sy goddeloosheid. Daarna trek Elia hom in eensaamheid terug by die spruit Krit. Agab weet nie waar Elia wegkruip nie en kan daarom niks aan hom doen nie. Hy kan hom ook nie vra om tot God te bid om die oordeel te stop nie.

Op wonderlike wyse het die Here vir Elia gesorg. Die kraaie het elke môre en elke aand vir hom vleis en brood gebring en hy het water uit die spruit gedrink. Elia bly vir 'n geruime tyd hier.

Elia in Sarfat

Toe die water in die spruit Krit opdroog, stuur die Here Elia na Sarfat in Sidon. By die poorte van die stad sien hy 'n weduwee, besig om houtjies op te tel. Hy vra haar om vir hom water te gaan haal. Sy loop om dit te doen, maar hy roep haar weer en vra haar om ook vir hom iets te ete saam te bring. Sy antwoord dat sy nog net 'n klein bietjie meel in die pot en olie in die kan het en dat sy juis nou daarmee vir haar en haar seun 'n ete gaan berei, waarna hulle maar moet sterwe. Elia sê vir haar dat sy dit maar vir hom te ete kan gee, want die Here sê dat die meel en die olie nie sal opraak nie.

Die vrou glo wat Elia sê en doen wat hy beveel. En waarlik, haar geloof is nie beskaam nie. Die Here toon ook in hierdie heidense land dat Hy die Almagtige is. Maar die Here wil haar geloof nog swaarder beproef. Haar enigste seun sterf. Sy sien daarin 'n besondere straf van God oor haar sondes, maar God wil haar alleen tot 'n vaste geloof in Hom bring. Op die kragtige gebed van Elia het haar seun weer uit die dood opgestaan.

26 Jak. 5: 17 Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;

Die Here het Elia se gebed verhoor.

Dit is die eerste keer dat ons in die Skrif van so 'n wonder lees. Die moeder sê: “Nou weet ek dat u 'n man van God is en dat die woord van die Here in u mond waarheid is. Die Here is God!” Haar woorde getuig oor die verdieping van haar geloof in die God van Israel.

Elia ontmoet Agab

Toe die droogte drie jaar en ses maande geduur het, ontvang Elia die opdrag van die Here om weer na Agab te gaan. Hoewel dit lewensgevaarlik is, aarsel Elia nie. Op pad daarheen ontmoet hy Obadja, wat besig is om kos en water vir die perde van die koning te soek. Elia sê vir Obadja om vir Agab te gaan sê dat hy met hom wil praat. Obadja is 'n godvresende man wat 100 profete van die Here in 'n spelonk weggesteek het toe Isebel hulle wou doodmaak. Hy is bang dat Elia weer sal verdwyn en dat Agab hom dan sal doodmaak as hy Elia nie kry nie. Elia sweer vir hom dat hy nie sal wegraak nie, maar vir Agab sal wag.

Die ontmoeting tussen Elia en Agab is allesbehalwe vriendelik. Agab dink dat Elia vir al die onheil verantwoordelik is. Elia daag Agab uit om na die berg Karmel te kom. Daar sal Elia aan hom die bewys lewer, dat die Here God is en nie Baäl nie. Agab moet die 450 Baälsprofete en die 400 profete van Asjéra na die berg Karmel saam met hom bring. Verder moet hulle 'n altaar bou en 'n offerdier daarop lê, maar hulle moet die offer nie aan die brand steek nie. Dié God wat die offer met vuur uit die hemel aan die brand sal steek, sal waarlik God wees. Agab willig in om te doen wat Elia versoek.

Elia op die berg Karmel

Die Baälpriesters het na die berg gekom. En die volk ook. Dan neem Elia die leiding. Dis nou die beslissende dag waarvoor hy drie jaar lank ter voorbereiding geworstel het. Hy begin met 'n verwyte vraag: “Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na. En as dit Baäl is, volg hom na!” Uit hierdie woorde van Elia sien ons die verval van die volk. Die Baäldiens het die harte van die volk nog nie geheel en al ingeneem nie, maar daar is by hulle ook geen weerstand teen die afgode nie. Die volk maak geen keuse tussen God en die afgode nie. In die oë van die Here is dit sonde.²⁷

27 Luk. 16: 13 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê, óf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

Die volk verkies om hom nie te antwoord nie. Die Baälsprofete begin nou om hulle god te smee dat hy die offer met vuur sal aansteek, maar Baäl antwoord nie. Teen die middag begin Elia met die Baälsprofete spot en sê vir hulle dat hulle harder moet roep, want miskien slaap Baäl. Hoewel hulle hulself met swaarde en spiese stukkend sny, is dit alles tevergeefs.

Nou is dit Elia se beurt. Elia neem twaalf klippe, na die getal van die twaalf stamme van Israel, en bou daarmee 'n altaar. Daarna grawe hy 'n sloot rondom die altaar en maak dit vol met water. Hy gooi ook die brandoffer met die hout op die altaar nat. Daarna val hy op sy knieë neer en smee God vurig om sy gebed te verhoor. Skielik val daar vuur uit die hemel neer, dit verteer die offerande en lek die water in die sloot op. Die hele Israel kom vir die oomblik onder die indruk van God se almag en roep uit: "Die Here is God, die Here is God!" Op bevel van Elia gryp die volk alle profete van Baäl en maak hulle dood by die spruit Kison.

Die Here gee reën

Terwyl die volk terug huis toe gaan, klim Elia teen die berg op en gaan daar sit. Sewe maal stuur hy sy kneg na die kruin om te kyk of hy nie tekens van reën sien nie. Die sewende keer kom die kneg haastig terug en roep dat daar 'n wolkie so groot soos 'n man se hand uit die see opgekom het.

Toe weet Elia dat sy gebed verhoor is. Hy stuur sy kneg om aan Agab te sê dat hy gou moet maak, anders sal die reën hom oorval. Die wind waai reeds en die lug is bedek met wolke. Die reën sak uit na 'n droogte van drie jaar en ses maande. Elia hardloop in die reën voor Agab se wa uit. In sy hart leef die hoop dat sy volk hulle nou tot die Here sal bekeer.

Elia vlug

Agab het aan sy vrou Isebel alles vertel wat daar op Karmel plaasgevind het, en hoe Elia die Baälprofete laat doodmaak het. Isebel is woedend daarvoor. Sy sweer by haar gode dat sy hom sal doodmaak. Nou weet Elia dat Agab alweer voor sy vrou geswig het. Hy raak moedeloos en vlug weg na die woestyn van Berseba. Daar gaan lê hy onder 'n besembos en bid tot die Here dat hy mag sterwe. Hy raak aan die slaap, maar 'n engel maak hom wakker en sê: "Staan op en eet." Langs hom sien hy 'n broodkoek op 'n warm klip gebak en 'n kruik water. Hy eet en drink en gaan lê weer en slaap. Weer maak die engel hom wakker en sê hy moet eet en drink, anders is die pad vir hom te lank. Hy eet en drink en staan op en loop. Ná 40 dae kom hy

by die berg van God, Horeb. Later sou Jesus ook vir 40 dae in die woestyn deur Satan versoek word.²⁸

God verskyn aan Elia

By Horeb oornag Elia in 'n grot waar die Here aan hom vra: “Wat maak jy hier, Elia?” Hy antwoord dat hy baie moeite gedoen het om die Here te dien, maar sy volk het die Here verlaat, sy profete doodgemaak en hy alleen het oorgebly; daarom wil hy ook maar sterwe. Die Here beveel hom om by die ingang van die grot te gaan staan, dan sal die Here aan hom verskyn.

Elia doen dit. Daar gaan eers 'n groot rukwind verby. Daarna word die aarde geskud deur 'n geweldige aardbewing wat die rotse laat beef. Dan trek daar 'n verwoestende vuur verby. Elia sien in die tekens nog nie die Here self nie. Ten laaste kom daar 'n sagte koelte en Elia weet: nou is die Here hier. Hy maak sy gesig met sy mantel toe want niemand kan die Here sien en bly leef nie.²⁹ Weer hoor hy die stem van die Here: “Wat maak jy hier, Elia?” Weer antwoord hy die Here deur te vertel van sy harde werk vir die Here en sy teleurstellings. God gee aan hom 'n drievoudige opdrag. Hy moet Hasael gaan salf as koning oor Sirië, of Aram en Jehu as koning oor Israel en Elisa as sy opvolger.

God sal hierdie drie manne gebruik om die sondes van sy volk te straf. Die Here troos ook vir Elia. Hy het nog 7 000 mense in Israel laat oorbly, wat nie voor Baäl buig nie. Elia moet weet dat God sy kerk in stand hou.

Elia keer terug van Horeb af, en op pad loop hy langs Elisa verby, terwyl hy besig is om te ploeg. Elia loop na Elisa en gooi sy profetemantel oor hom. Hierna volg Elisa vir Elia.

Agab in oorlog met Benhadad

Van die tyd toe Asa van Juda, vir Benhadad, die koning van Aram gevra het om hom te help in 'n geveg teen Israel - was daar nog altyd wrywing. Tydens Agab se regering is Benhadad II nou die koning van Aram. Hy trek met 'n geweldige groot leër na Israel en beleër Samaria. Verder stuur hy 'n

28 Mark. 1: 12 en 13 En dadelik het die Gees Hom uitgedryf in die woestyn. En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is; en Hy was saam met die wilde diere, en die engele het Hom gedien.

29 Eks. 33: 20 Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.

boodskap na Agab en eis dat Agab silwer, goud, vroue en kinders aan hom uitlewer. Hy sal self die volgende dag van sy dienaars stuur om die beste van alles te kom uitsoek.

Agab het dadelik die oudstes gaan raadpleeg en hulle het hom ten sterkste afgeraai om enigiets met Benhadad te doen te hê, behalwe om teen hom te veg. Op aandrang van 'n profeet het hy dan ook al die jong manne opgeroep en Benhadad daardie selfde middag aangeval. Dit het as 'n groot verrassing gekom, want Benhadad was só gerus dat hy en sy vriende al begin drink het. Benhadad slaag daarin om na sy land toe te ontsnap, maar 'n profeet van die Here waarsku Agab dat Benhadad ná 'n jaar weer 'n poging sal aanwend om Israel te verower.

Benhadad val Israel weer aan

Agab is gereed en tot die tande toe gewapen toe Benhadad weer teen hom optrek. Hierdie keer vind die slag nie by Samaria plaas nie, aangesien die Siriërs glo dat Israel se God 'n god van die berge is en dus magteloos sal wees op die vlakte. Ses dae lank lê hulle teenoor mekaar en op die sewende bars die geveg los. Omdat God die Siriërs wil wys dat Hy die magtige en alomteenwoordige God is, gee Hy hulle in Agab se hand en behaal die Israeliet 'n klinkende oorwinning.

Die Siriërs slaan op die vlug en trek ooswaarts na Afek. 'n Groot deel van die stad se muur het op die voortvluggende leër geval. Benhadad het egter ontvlug en van huis tot huis skuiling in die stad gesoek. Uiteindelik oorreed sy dienaars hom om met Agab te probeer onderhandel. Agab ontvang hom soos 'n broer, waarop Benhadad onderneem om alle eiendom wat voorheen aan Israel behoort het, terug te gee. Hy bied ook aan om vir Agab 'n plek in Damaskus te gee, waar hy handel kan handel dryf. Daarop laat Agab hom ongedeerd na sy land terugkeer.

Deur 'n gelykenis het een van die profete-seuns Agab op sy fout gewys en gesê: "So spreek die Here: "Omdat jy die man wat deur my banvloek getref was, uit die land laat gaan het, daarom sal jou siel in die plek van sy siel, en jou volk in die plek van sy volk wees." Hieroor was Agab baie verbitterd en het hy kwaad na Sámaria teruggekeer.

Die wingerd van Nabot

Dat Agab uit hierdie geskiedenis niks geleer het nie, blyk uit sy optrede teenoor Nabot. Agab wil Nabot se wingerd hê, maar Nabot weier, omdat die wet van die Here verbied om die erfdeel van die vaders te verkoop.³⁰ Agab is kwaad en weier om te eet of te drink. Isebel beloof hom, dat sy sal sorg dat hy Nabot se wingerd kry. Sy huur twee mans wat Nabot daarvan beskuldig dat hy God en die koning gevloek het. Omdat Nabot God se wet kamstig oortree het, word hy gestenig.³¹

Terwyl Agab in sy nuwe wingerd rondloop, kom die profeet Elia na hom toe en bring vir hom 'n boodskap van God. Die honde sal sy bloed hier oplek en hulle sal ook Isebel verskeur. Verder sal Agab se hele huis uitgeroei word. Toe Agab hierdie verskriklike tyding hoor, verootmoedig hy hom voor die Here. Daarom versag God sy straf deur aan hom te sê dat sy nageslag nie gedurende sy lewe, uitgeroei sal word nie.

Agab en Josafat raadpleeg die profete

Josafat, die koning van Juda, het alles in sy vermoë gedoen om goeie vriendskapsbande tussen Juda en Israel te stig. Hy het selfs so ver gegaan om Agab se dogter, Atalia, vir sy seun as vrou te neem. Gevolglik sien Agab in Josafat 'n bondgenoot in sy stryd teen die Siriërs. Hulle twee besluit om eers 'n profeet te raadpleeg. Agab laat 400 profete, met Sedekia aan die hoof, by die poort van Samaria bymekaar kom. Om die guns van die koning te wen, voorspel almal voorspoed en oorwinning, en Sedekia maak gebruik van 'n paar ysterhorings om te illustreer hoe Agab die vyand sal wegstoot.

Josafat hou nie van hierdie uiterlike vertoon nie en hy dring daarop aan om met Miga, 'n profeet van die Here, te praat. Agab is egter baie skepties oor Miga, want die profeet het nooit iets goeds oor hom te sê nie. Dit is nou weer die geval. Miga voorspel net die teenoorgestelde as Sedekia en sy profete. Hieroor het Sedekia hom dan ook so vererg dat hy Miga in die gesig slaan. Daarna laat Agab Miga opsluit in die gevangenis totdat hy veilig van die slagveld af sou terugkeer.

30 Lev. 25: 23 Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is.

31 Lev. 24: 16 En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land as hy die Naam laster, moet hy gedood word.

Agab se dood

Nieteenstaande hierdie boodskap het Josafat tog nog saam met Agab na Ramot opgetrek. Agab is tog maar 'n bietjie skrikkerig ná Miga se woorde en het hom as 'n gewone soldaat vermom. Tydens die geveg tref 'n pyl hom. Om die moraal van sy soldate hoog te hou, bly hy in sy strydwa staan en moedig sy soldate aan. Die bloedverlies wat die wond meegebring het, veroorsaak dat hy die middag op pad terug na Samaria sterf. Die bloedbesmeerde strydwa word deur die dienaars by die dam van Samaria gewas. Gou is die honde by om die bloederige water op te lek, net soos Elia geprofeteer het ná die dood van Nabot. Daarna is Agab in die stad begrawe.

Elia, en Ahasia

Agab is opgevolg deur sy seun Ahasia. Hy het maar net soos sy vader die Baäl's gediën. Toe hy in 'n ongeluk seerkry, stuur hy boodskappers na Baäl-Sebub, die afgod van die Filistyne, om hulp. Op pad daarheen loop hulle Elia raak. Hy stuur hulle terug met die boodskap dat Ahasia nie gesond sal word nie, aangesien hy opgetree het asof daar geen God in Israel is nie.

Ahasia stuur mans om Elia in hegtenis te neem, maar vuur uit die hemel verteer hulle. Die tweede groep soldate van die koning sterf ook, maar toe die derde groep by Elia kom, vra hulle bevelvoerder hom baie nederig om asseblief saam na Ahasia te kom. Daar herhaal Elia sy woorde van vroeër aan Ahasia. Hy is net twee jaar lank koning toe hy sterf. Omdat hy geen seuns het nie, volg sy broer Joram hom op as koning.

Elia in die hemel opgeneem

Elia het geweet dat sy tyd op aarde kort geword het, daarom gaan hy en Elisa na die Jordaan. By die Jordaan slaan Elia met sy mantel op die water en die Here maak vir hulle 'n pad deur die water, sodat hulle op droë grond deurgaan. Elisa vra van Elia dat hy aan hom 'n dubbele deel van sy gees moet gee wanneer die Here hom opneem.

Elia antwoord dat dit sal gebeur soos die Here bepaal, maar as Elisa hom sien wanneer hy weggeneem word, sal die Here sy wens vervul. Terwyl hulle nog so saamloop, kom daar meteens 'n wa van vuur met vurige perde wat Elia opneem in die hemel. Elisa roep na hom, en Elia se mantel val

op hom. So word hy profeet in Elia se plek. Elia was 'n groot profeet, en verskyn saam met Moses. In die Nuwe Testament wanneer hulle in gesprek met Jesus tree.³²

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 82 - 86 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 492 - 523 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 317 - 342 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 356 - 403 p.

32 Mark. 9: 4 En daar het aan hulle verskyn Elia saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus.